

4 Maart

Skrifgedeelte: Matteus 22:15-46 (NAV)

Fokusgedeelte: Matteus 22:34-40

Liefde

Hoe lyk daardie bruiufskleed wat jy moet aantrek? (Matt 22:11).

Dit kan met een woord opgesom word: LIEFDE! Die liefde waarvan die Bybel praat is 'n besondere liefde, geskoei op die liefde van God. As God lief het, het Hy die wêreld lief. As Hy gee, gee Hy sy Seun (Joh 3:16). Hierdie onbegryplike liefde van God lê 'n groot verantwoordelikheid op jou. Jou liefde moet word soos die liefde van Christus (Rom 8:29). Dit doen die Here wat die Gees is (2 Kor 3:18). Daarom moet jy die Heilige Gees nooit deur moedswillige sondes teëstaan nie (1 Tess 5:19).

Mense wat nie glo nie, ken ook liefde. Gewoonlik word liefde gelyk gestel aan die warm emosie wat ander in ons opwek soos: vriend teenoor vriend, ouer teenoor kind. Hierdie emosie-liefde kan soms geweldig selfsugtig wees. Die liefde van God is anders. Dit is 'n liefde wat uitblom in die daad (Gal 5:6). Dit is 'n liefde wat uitstraal ten spyte van wie voor jou staan (Matt 5:43-48).

Toets jouself. Het jou lewe ook liefde geword? Doen jy aan **almal** goed, veral aan medegelowiges? (Gal 6:10) Bid jy opreg vir mense wat jou vervolg? (Matt 5:44) Doen jy goed aan mense wat jou benadeel? (Rom 12:20,21) Is jy goedgesind teenoor alle mense? (Rom 12:17) Die liefde wat God van jou eis, en wat Hy in jou hart lê, is beslis iets besonder!

Sing: Skrifberyming 33:1,3

Ds APC Duvenage (Emeritus)